

Noord Nuus

wellington-noord
Geloofsgemeenskap



MacCronestraat 11 – Wellington – 7655
Tel/Faks: 021 873 2763 | Pastorie: 021 873 2765
Bankbesonderhede: ABSA, Wellington: 430 580 019

Francois Human: francois@wellingtonnoord.co.za
Johann Crous: crousjm@telkomsa.net
Marita Coetzee: marita@wellingtonnoord.co.za
Marius Otto: marius@wellingtonnoord.co.za

19 April 2020 - Aankondigings vir die week

Sondagprogram

Predikant **Johann Crous**

Skakel gerus Sondagoggend in by ons erediens.
Dit word uitgesaai op Facebook/YouTube. Die
skakel na die twee platforms is:

www.facebook.com/wellingtonnoord

Die skakel word teen 07:00 gelaai op die blad. Dit
word oop per sms na alle gemeentelede gestuur
wat op ons sisteem geregistreer is.

Klok

Op Maandae, Woensdae en Vrydae om
12:00 word die kerkklok gelui om mense te
herrinner ons is nie alleen nie EN dat die
Heer opgestaan het en saam met ons leef.



Belangrike inligting

Gebedsversoeke en Pastorale versoeke –
kan deur gestuur word na Francois en
Johan.

Versoek dat gemeentelede wat nog nie hul
selfoonnommers en e-posadresse
deurgestuur het nie. Dit stuur aan
marius@wellingtonnoord.co.za



Ons kinders!

Gaan ook na ons **Facebook-blad** vir
kreatiewe maniere om saam met u kind stil
te staan rondom die Woord.



Boodskap van Bemoediging

Die onwrikbare liefde van God

Ons lewe in 'n baie onseker tyd. Elke dag word ons begroet met dinge wat ons nie kan verklaar nie. Wat ons nie regtig verstaan nie. Ons hoef egter nie onseker te wees van God se onwrikbare liefde vir ons in hierdie tyd van inperking nie. Hoe verstaan ons hierdie liefde?

Dit beteken onverminderde intensiteit of poging - onversetlik, onbuigbaar, onvermoë om te verander of oorgehaal te word deur argumente. Onwrikbaar beteken om vasberade te wees oor 'n saak.

Wat 'n wonderlike beskrywing van God se liefde. Ons Here se liefde is absoluut onwrikbaar. Niks kan sy liefde vir sondaars en heiliges verhinder of verminder nie. Die psalmdigter Dawid het dit so gestel: "U omsluit my van alle kante. U neem my in besit. Waarheen sou ek gaan om U Gees te ontvlug? Klim ek op na die Hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar" (Psalm 139:5,7-8).

Dawid praat van al die hoogtepunte en laagtepunte wat ons in die lewe moet trotseer. Hy sê, "Daar is tye wat ek so geseënd voel, ek kan juig en jubel. Ander kere weer, voel dit vir my asof ek in 'n lewende hel verkeer, verdoem en waardeloos. Maar dit maak nie saak waar ek is nie my Heer, of ek geseënd voel of hoe laag my kondisie is nie - U is altyd daar! Ek kan nie wegkom van U onwrikbare liefde vir my nie. Ek kan dit ook nie van my af wegdryf nie. U neem nooit my verskonings en argumente van hoe onwaardig ek is, aan nie. Al is ek ook ongehoorsaam, sondig ek teen U of neem ek U genade as vanselfsprekend aan, hou U nooit op om my lief te hê nie. U liefde vir my is onwrikbaar!"

Paulus het gesê, "Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe, of engele of bose magte, of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte, of hoogte of diepte, of enigiets anders in die skepping, kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus onse Here" (Romeine 8:38-39). God se liefde vir ons staan onwrikbaar vas in hierdie tyd. God se liefde vir ons laat ons onwrikbaar vas staan in hierdie onsekere tyd! Glo in God se onwrikbare liefde vir jou en leef daaruit, maar leef dit ook uit teenoor die mense rondom jou

Ons bid vir:

* **Anna Hugo** se broer is oorlede
* **Marius Otto** se Ma is oorlede *
Frank Bardenhorst het hartaanval gehad, maar sterk goed aan by huis. * **Jacques Walters** het groot operasie aan been ondergaan. * Ons bid veral in hierdie inperkingstyd vir **verpleegpersoneel** en **polisie**. Vir ons **landbou** wat voedsel en uitvoerprodukte moet produseer. **Fabrieke** en **besighede** wat groot besluite moet maak.

A prayer for healing

I come to shelter close to you,
please cover me today.
I need to feel your loving arms,
to ease the cry of pain.
I wait upon your words O Lord,
and trust in all you say.
I rest upon your promises,
to hold and keep me safe.

I ask for light within the dark, safe and warm and bright.
I look to you to help me rest, especially tonight.
I wade in deep within your grace, and wait in waters clear.
I trust I'll find your heavenly touch, and always feel you near.

www.living-prayers.com

Verjaarsdae

Renier Marais (17) – Lizelle Scott (18) –
Cornell de Klerk (18) – Robert Harris (18) –
Mariaan Stroebel (19) – Altus Lambrechts
(19) – Naida Malan (19) – Marius Rabie (20)
– Neel s van Rooyen (21) – Lizelle van
Rooyen (21) – Jacques de Beer (21) –
Willem Spangenberg (21) – Joachim Steyn
(22) – Madré Malan (22) – Herman Burger
(23) – Macheal van der Vyver (23) – Sarel
Wolmarans (24) – Divan Nortje (24) –
George-Louis Beukes (25)



Baie geluk!

Pieter en Beanca Coetzee met die
geboorte van hul seuntjie



ACVV WELLINGTON
HELP GRAAG

**KOSPAKKIES
BESKIKBAAR**

083 655 8843

WOON JY IN WELLINGTON EN IS JOU
KOSKASTE LEEG MET NIEMAND OM
TE NADER VIR HULP NIE?

KONTAK BOGENOEMDE NOMMER.

Die afgelope aantal jaar werk ons 3 NG Kerke en AGS
saam om in mense se nood te voorsien. Dit maak dit
ordelik, boesem vertrou in en bring mee dat meer
mense gehelp kan word. Ons help verskeie individue
en gesinne. Maandeliks gee ons tussen R16 000 en
R22 000 aan alimentasie.

Finansies

Ons gemeente is steeds baie afhanklik van kollekte en
maandelikse bydraes. Tans is ons finansies onder geweldige
druk aangesien daar nou geen kollektes ontvang word nie
en ook omdat dit vir mense nie moontlik is om by die
kerkkantoor hul koevertjies af te gee nie. Ons wil u nederig
vra om steeds u kollekte en dankoffers te gee soos u voel.
Betaal dit sommer direk in ons bankrekening in:

Rekeningnaam: NGK Wellington-Noord
Bank: ABSA
Tjekrekeningnommer: 430 580 019

